SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*IAFRFA3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE AFDELING.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Ek sien uit daarna om volgende jaar in matriek te wees. **[50]**

1.2 'n Dag saam met die president. **[50]**

1.3 Goeie maniere tel nog! **[50]**

1.4 Ek wil eendag graag dit op my lys van dinge om te doen, sit.
Hier volg my emmerlys: **[50]**

1.5 Daar is steeds te veel mense wat op ons land se paaie sterf! **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.


1.6.1



[Bron: www.googleimages.com 2018] **[50]**


Kopiereg voorbehou

1.6.2




[Bron: *pinterest 2019*] **[50]**

1.6.3



[Bron*:* *pinterest* 2018] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **BEDANKINGSBRIEF**

Jou tante/oom het jou baie in jou skoolloopbaan ondersteun. Jy wil dankie sê.

Skryf ʼn BEDANKINGSBRIEF aan jou tante/oom waarin jy haar/hom bedank vir haar/sy ondersteuning oor die jare. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Jou ouma is 80 jaar oud en die familie beplan ʼn groot partytjie om haar lewe te vier. Jy moet hulde bring aan jou ouma en haar vereer.

Skryf die HULDEBLYK wat jy by die partytjie gaan lewer, neer. **[30]**

2.3 **KOERANTARTIKEL**

Te veel tieners misbruik steeds drank en dwelms en jy moet ʼn artikel hieroor vir julle skoolkoerant skryf. In jou artikel moet jy op die gevare van drank- en dwelmmisbruik fokus.

Skryf die koerantartikel en gee dit ʼn gepaste titel. **[30]**

2.4 **ONDERHOUD**

Jy moet ʼn onderhoud voer met een van die leiers in julle gemeenskap. Jy wil weet oor die planne wat hy/sy het om julle gemeenskap ʼn beter plek te maak.

Skryf die ONDERHOUD in die vorm van ʼn dialoog neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **UITNODIGING**

Jou vriend/in verhuis binnekort na ŉ ander stad. Jy beplan ŉ partytjie om afskeid van hom/haar te neem.

Ontwerp ŉ UITNODIGING vir die partytjie. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy is genomineer as hoofseun/hoofdogter en moet ŉ toespraak by die byeenkoms lewer. Jy voel geëerd en senuweeagtig op dieselfde tyd.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag toe jy hoor jy genomineer is
- Die dag na jy jou toespraak gelewer het **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy is deur jou broer/suster gevra om vir die naweek hom/haar hondjie op te pas, want hy/sy gaan weg.

Skryf SEWE (7) INSTRUKSIES neer wat hy/sy jou gee aangaande die hondjie. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou